**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

12 Januarie 2026

Geagte Ouers/Voogde

**OUERINLIGTINGSAAND EN -INLIGTINGSESSIE (GRAAD 10 TOT 12): 15 JANUARIE 2026**

Welkom terug vir die nuwe skooljaar. Ons glo u is reg vir 'n volgepakte 2026.

Ons nooi u graag na 'n belangrike oueraand en inligtingsessie op:

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 15 Januarie 2026 |
| Tyd | : | 17:30 vir 18:00 |
| Plek | : | Skoolsaal |

Die aand begin met ons ouerinligtingsaand, waarna ons u graag wil nooi om aan 'n waardevolle inligtingsessie deel te neem. Hierdie sessie, wat direk na die oueraand sal volg, is spesifiek gerig op ouers en voogde van ons graad 10 tot 12 Wiskunde-leerders en fokus op die maniere waarop ons leerondersteuning in 2026 verder gaan versterk.

Ons het die voorreg om mnr. Snyman van Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) as gasaanbieder te verwelkom. Hy sal meer lig werp op:

- die omgekeerde klaskamer-benadering;
- die effektiewe gebruik van Wolkskool; en
- hoe hierdie model leerders se begrip, voorbereiding en sukses in Wiskunde kan bevorder.

Ons wil u vriendelik aanmoedig om hierdie waardevolle sessie by te woon, aangesien dit u insig sal gee in die wyse waarop ons in 2026 werk om elke leerder se ontwikkeling te ondersteun.

Baie dankie vir u voortdurende ondersteuning.

Oos-Moot groete

ME S THERON
HOOF

ME C VENTER
DEPARTEMENTSHOOF: WISKUNDE/WG